





# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

TELNR: 044-6903552 ngkerkmsb-suid@absamail.co.za

## AFKONDIGINGE: 17 JANUARIE 2016

*"Besef tog dat die Here wonders gedoen het vir dié wat aan Hom getrou is. Die Here hoor as ek na Hom roep". (Psalm 4: 4)*

## VANDAG

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir Kenani Dienssentrum.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R tot 11 woon die 09:00-diens by en Gr 7-8 bly agter in die kerk vir die indeling. Gr 9-11 by dominees soos onderling gereël.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENS:** Om **09:00** in die kerkgebou (ds André) en op Vleesbaai (Aflos).

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Arbeidsbediening.

## PROGRAM VIR DIE WEEK



**KLEINGROEPE:** Vergader soos gewoonlik: nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting. Ds Danie se Maandaggroep vergader om 15:00 in Santos 2 se sitkamer en sy Dinsdaggroep vergader om 09:30 in die konsistorie. Ds André se Dinsdaggroep vergader om 09:30 in die kerksaal.

**<u>Woensdag</u>:** Santos Haven Biduur om 15:30 (ds Danie).

**<u>Donderdag</u>:** Begrotingsvergadering om 18:00 in die kerksaal. Al die diensgroepe se voorsitters en die Diensgroep vir Fondse moet asseblief bywoon. Alle Bestuurskerkraadslede word ook genooi om by te woon.

## VIR U AANDAG

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee sal u graag na die diens voor die kansel wil ontmoet.

**OESMAAND KOSKAS:** JANUARIE is **Streek A** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of u kerkraadslid afgegee word. Navrae Joey telnr. 073 2988 142.

**BESTUURSKERKRAAD:** Vergader DV Saterdag, 30 Januarie, om te beplan vir 2016. Bid asseblief saam daarvoor.

## BELANGRIKE INFO

**DEURKOLLEKTE:** Spesiale offer vir Herberg Kinderhuis was R3 672-75.

**NUWE LIDMATE:** Ons verwelkom graag die volgende nuwe lidmate met vreugde in ons midde met ontvangs van hulle lidmaatbewyse: *Willem J Oosthuizen en Elsabé Oosthuizen Diazstrand vanaf Noordhoek Bloemfontein.* Hartlik welkom!

**KERSMARK:** Die Kersmark wat gehou is op 16-18 Des 2015, het R24 104-00 ingebring. Baie dankie aan almal wat gehelp of dit ondersteun het.

**PARKERING VOOR KERK:** Vanaf volgende Sondag gaan daar geen parkering voor die kerk beskikbaar wees nie. Daar word gewerk aan die parkering vir ongeveer 2 weke. Jammer vir die ongerief.

**KOOR:** Indien u belangstel om deel te wees van 'n koor, kontak Francois deur te WhatsApp of SMS na 083 321 7120 om 'n oudisie af te lê.

**SKOOLSEUN:** Ons het die afgelope drie jaar 'n seun gehelp met koshuisfooie. Sy naam is Christo en hy het by sy Ouma grootgeword wat 'n pensionaris is. Hy het vir SWD skole gespeel, en is genooi na die WP Akademie vir rugbyafrigting. 'n Groot eer en 'n goeie moontlikheid om sy rugbyloopbaan verder te neem. Dit kos R120 000 om vir tien maande na die rugby akademie te gaan, en na ons versoeke het hulle R75 000 as 'n beurs aan hom toegestaan. Sy verblyf en etes moet egter nog betaal word en beloop R45000 per jaar. Ons het reeds R5000 deposito betaal, en ons kan met 'n klomp kleiner bedrae dit maak. Enige iemand wat 'n bydrae wil maak kan vir Ds Robert skakel.




**WERKSOEKERS EN WERKGEWERS:** Enige iemand wat werk soek, en die wat iemand soek om vir hulle te werk kan vir Ds Robert kontak. Ons kry dikwels versoeke van beide kante, werkgewers en werksoekers, en dan weet ons nie wie soek werk of het werk nie.

### BANKBESONDERHEDE

NG Mosselbaai-Suid, ABSA Mosselbaai,
reknr 207 058 0031 (Dankoffers)

NG Mosselbaai-Suid, ABSA Mosselbaai,
reknr 207 016 7886 (Geloofsoffers)





## GEBEDSBULLETIN

**Tema vir Januarie: Herlewing in die gemeente.**

Dank die Here hierdie week vir:
* Bewaring tydens die vakansietyd.
* Die vooruitsig om in 2016 in die Here se "wingerd" te werk.
* Kenani en die Here se voorsiening in hulle behoeftes.
* Vir dele waar daar reeds reën geval het en bid vir areas wat nog baie droog is.
* Positiewe tendense tov die gemeente se finansies. Alle eer aan die Here.

Bid hierdie week vir:
* Herlewing – onder gelowiges (nuwe toewyding en volle oorgawe).
* Gelowiges om terug te keer na Jesus Christus as hulle eerste liefde en hoogste prioriteit.
* Die Heilige Gees se leiding om te onderskei tussen wat reg en verkeerd is en tussen goed en kwaad.
* Christene om weer radikaal van Jesus te getuig en dat hierdie getuienis ook die versorging van mense in armoede en ander nood sal insluit.
* Krag om elke vorm van versoeking te weerstaan en elke situasie te bowe te kom.
* Matrieks en studente wat vanjaar moet begin studeer of werk.
* Nuwe eredienste—dat dit tot seën van die hele gemeente sal wees.
* Kinderkerk en kategese.

**Gebedsweek vanaf Sondag 24 Januarie:**

Sondag 17:00 gebedsreis vanaf die kerk

Maandag saambid 13:15 in die konsistorie

Dinsdag saambid 17:15 in die konsistorie

Woensdag 15:30 biduur by Santos Haven

Donderdag saambid 13:15 in die konsistorie

Vrydag om 6:00 bid die manne saam in die "gat" onder die saal se verhoog.



**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Lidmate wat herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse.